# Annelies Cramer née Du Plessis



Hi almal

Ek is spyt dat ek nie daar kan wees nie. Op ‘n stadium het ek gedink dit gaan moontlik wees, maar helaas dit was toe nie. Ek was tot einde 2023 nog in Centurion, maar nou woon ek in Haarlem (naby Amsterdam), Nederland.

Ek het na skool Kaap toe verhuis, geswot en gekwalifiseer as kliniese sielkundige en sodoende ook kontak met meeste van julle verloor, maar danksy FB kon baie van ons mekaar weer vind. Terug in Gauteng het ek gewerk by Sterkfontein Hospitaal, toe by Universiteit van Pretoria as dosent in sielkunde en toe vir baie jare in privaat praktyk as neurosielkundige.

En nou werk ek as sielkundige vir Medecins Sans Frontieres (Doctors Without Borders) hier in Amsterdam. Die omwenteling is groot, maar dis ‘n avontuur en ek beskou dit as ‘n voorreg om in my middeljare ‘n tweede lewe te kan begin. Alhoewel ek meestal in the Amsterdam kantoor is, neem my werk my ook na plekke soos Afghanistan, Myanmar en Sirië waar ek andersins nooit sou kom nie.

Gepraat van tweede kanse, is ek ook gelukkig om iemand te hê waarmee ek hierdie nuwe lewe kan geniet. Angus, joernalis en ‘travel writer’ (‘n Suid Afrikaner) is nog meer avontuurlustig as ek, so ons kom op wonderlike plekke en reis nou so saam-saam deur hierdie tweede hoofstuk van ons lewens.




Ek het een dogter uit my eerste (en enigste) huwelik. Sy is nou 27. Lara is steeds in Suid Afrika, maar ek sien haar gereeld en hoop vir die dag dat sy dalk ook die skuif maak, of miskien gaan ek weer terug…tyd sal leer.











Julle moet ‘n heerlike dag/aand saam hê. Ek kyk uit vir die fotos…!

Liefde uit Amsterdam / Haarlem

Annelies (du Plessis)

